REPRIEVE
www.reprievetrial.org
1-877-29-HEART

Nuusbrief aan deelnemers

Vol. 3 | 2018

'n Kennisgewing vanaf REPRIEVE-leierskap: Vennote in REPRIEVE

Ons wil u weereens bedank dat u by die REPRIEVE-studie aangesluit het! Ons is baie beïndruk met REPRIEVE-deelnemers se toewyding en betrokkenheid, want hulle glo duidelik dat dit die moeite werd is om antwoorde oor hartsiekte en MIV te kry. Ons toegewyde personeel by die Massachusetts General Hospital in Boston, MA, VSA se Kliniese Koördineringsentrum, en by elk van die 120 kliniese sentrums wat inskrywings vir REPRIEVE doen, sal baie hard werk om die nuus oor REPRIEVE in u gemeenskap te versprei sodat ons inskrywingsteiken bereik kan word. Hou asseblief aan om almal wat u dink moontlik in REPRIEVE sal belangstel, van die studie te vertel. Ons verwelkom en waardeer dit dat u almal oor REPRIEVE inlig! Dit is natuurlik net so belangrik om aktief te bly in REPRIEVE as wat dit is om in die eerste plek aan te sluit. Elkeen van u maak 'n baie belangrike bydrae tot hierdie studie. Die inligting wat u verskaf kan van waarde wees vir u gesondheid, asook vir die gesondheid van vele ander mense met MIV. Deur al die deelnemers wat by die studie aansluit en aanbly te bestudeer, kan navorsers nie net akkurate gevolgtrekkings oor hartgesondheid maak nie, maar ook oor geslagspesifieke verskille in hartsiekte by MIV en die effekte van pitavastatien om niergesondheid en spierfunksie te behou. Hierdie gevolgtrekkings kan belangrike inligting aan mense met MIV verskaf, ook vir toekomstige generasies. Ons waardeer elke REPRIEVE-deelnemer en ons hoop u sal vir die hele duur van die studie deelneem.

Weereens dankie vir u toewyding aan hierdie belangrike navorsing!

Steven Grinspoon, MD
Massachusetts General Hospital
Medehoofnavorser
REPRIEVE-studie

Pamela Douglas, MD
Duke University
Medehoofnavorser
REPRIEVE-studie

Volg die jongste nuus oor REPRIEVE

www.facebook.com/reprievetrial
www.twitter.com/reprievetrial

Ontmoet ander REPRIEVE-deelnemers

REPRIEVE-deelnemers is hoogs gemotiveerde individue wat bydra by die toekoms van hartsiektevoorkoming in MIV. Lees oor huidige deelnemers se ondervinding in die studie.



"REPRIEVE-deelname is belangrik, nie net vir my nie, maar vir ander deelnemers, want **dit help wetenskaplikes om nuwe maniere te vind om ons lewenskwaliteit te verbeter**" – Agnaldo da Silva Santos, HGNI HIV Familiesorgkliniek, Rio de Janeiro, Brasilië

"Voordat ek by hierdie studie aangesluit het, het ek slegs op my MIV-infeksie gefokus. **Sedert ek aangesluit het, is ek meer besorgd oor my algehele gesondheid.** Ek hou daarvan om gesondheidsinligting vanaf die REPRIEVE-webwerf en -nuusbrief te ontvang. Dit het my 'n beter geleentheid gegee om toegang te kry tot gesondheidsinligting." – Deelnemer by Thai Rooikruis CRS, Bangkok, Thailand

"Dit is 'n baie interessante studie, en ek dink die studie sal met toekomstige pasiëntsorg en **die versorging van ander MIV-aangetaste mense help.** Goeie studieresultate kan gebruik word om hartbloedvatsiektes by ander pasiënte te voorkom. Ek het gedink dat 'n mens by die studie moet aansluit om 'n diagnose te ontvang, maar 'n mens word ook vir hartbloedvatsiekte gemonitor, want as jy nog nooit getoets is nie, sou jy nie eers van hierdie siekte geweet het nie. Ons hoef nie te wag totdat ons siek word voordat ons behandeling ontvang nie. Ek dink voorkoming is beter as behandeling." – Deelnemer by CMU MIV-behandeling CRS, Chiang Mai, Thailand

Follow YOUR Heart

My Heart Matters-blog (My hart maak saak)

Die Follow YOUR Heart Campaign (Volg-JOU-hart-veldtog) nooi u uit om die jongste My Heart Matters-bloginskrywing, ***"Women Supporting Women in the Community" (Vroue wat vroue in die gemeenskap ondersteun)***. te lees. Dit handel oor die voordeel wat MIV-gemeenskapsorganisasies vir vrouens inhou en hoe vrouens MIV-gemeenskapsorganisasies naby hulle kan opspoor.
Die My Heart Matters-blog is 'n belangrike hulpbron vir vrouens met MIV wat belangstel daarin om meer oor hartgesondheid, navorsingsdeelname en die REPRIEVE-studie uit te vind. Die blog word gereeld bygewerk en kan gevind word by www.followyourheart.reprievetrial.org/news/

Gereelde vrae

V : Ek het die ongevalle-afdeling besoek sedert my laaste studiebesoek, omdat ek duiselig gevoel het. Ek is nie seker waarmee dit verband hou nie. Moet ek die REPRIEVE-studiepersoneel tydens my volgende REPRIEVE-besoek inlig?
A: **Ja!** Ons samel in REPRIEVE tydens amper elke besoek inligting in oor hartsiektegebeure soos hartaanvalle of beroertes; **hierdie inligting sal bevestig of die statien wat in REPRIEVE gebruik word, effektief werk.** Gebaseer op wat u ons tydens u studiebesoek vertel, en met u toestemming, verkry REPRIEVE-personeel inligting om die mediese toestande wat u gedurende u deelname in REPRIEVE rapporteer, te bevestig.
Dit is belangrik dat u tydens 'n studiebesoek noem as 'n verskaffer u met 'n sekere hartsiektegebeurtenis soos 'n hartaanval, beroerte of borspyn gediagnoseer het, of as u in die hospitaal was, sodat ons besonderhede oor hierdie diagnose kan bekom.

Het u geweet dat REPRIEVE hul eie gemeenskapadviseringsraad het?

Vind meer uit by
www.reprievetrial.org/join-the-study-test/cab/

REPRIEVE-feite

Ons vier die 3de jaar van REPRIEVE!

Die afgelope jaar se grootste prestasies sluit in:
• Die opening van bykomende sentrums in Indië, Peru, Haïti en Uganda. Ons het tans sentrums in 11 lande regoor die wêreld.
• Daar het al meer as 5 950 deelnemers aangesluit, waarvan 3 083 tydens die afgelope jaar ingeskryf het.
• REPRIEVE-deelnemers is 'n uiteenlopende groep: die gemiddelde ouderdom is 49; en 32% van deelnemers is vrouens.

REPRIEVE in die nuus en gemeenskap

Dit is steeds nodig om nuus oor die studie te versprei, al is die einde van werwing vir sommige REPRIEVE-substudies in sig, omdat ons hoop om die maksimum inskrywings oor ongeveer 1 jaar te bereik. Ons werk hard om te verseker dat enige iemand wat wil aansluit of meer oor REPRIEVE wil uitvind, meer te wete kan kom deur gemeenskapsaanbiedings, gedrukte of aanlyn tydskrifadvertensies en/of sosiale media.
Daar is gedurende die afgelope jaar baie artikels oor REPRIEVE geskryf om te help om die nuus te versprei:
• « Association Between HIV & CVD: Finding A Solution to Double Jeopardy », JAMA Cardiology
• « Spotlight on #HeartHealth and People Living with HIV », blogue de HIV.gov
• « Cardiovascular Disease: The Next Great Challenge for HIV Care », STAT News
• « Exploring Barriers for Women in HIV Clinical Research with REPRIEVE », The Body PRO

Wenke vir 'n gesonde hart!

Sien om na u geestesgesondheid en verseker dat u gesonde verhoudings met u vriende en familie behou. Navorsing het aan ons getoon dat daar 'n groter risiko vir hartsiekte by mense met depressie is, asook diegene wat sosiaal geïsoleer voel of nie goeie ondersteuning het nie. Klein dingetjies, soos om aan te sluit by 'n ondersteuningsgroep, uit te reik na 'n vriend om saam te gaan stap, of 'n familielid te bel om te gesels, is stappe in die regte rigting en kan u geestesgesondheid verbeter.

U deelname maak saak!

Deur aan REPRIEVE deel te neem en alle studiebesoeke te voltooi, kan u 'n **belangrike bydrae** maak tot ons kennis van MIV en hartsiekte, wat langdurige voordele vir u generasie en toekomstige generasies van mense met MIV kan inhou.

Dankie aan ons borge:
NIH National Heart, Lung, and Blood Institute
NIH National Institute of Allergy and Infectious Diseases
ACTG AIDS CLINICAL TRIALS GROUP
GILEAD
Kowa